

# HOOFSTUK 13

## Die heilsorde

### 1. Die heilsorde

- 1.1 Dit is die proses wat plaasvind in die lewe van die mens onder leiding van God, waardeur die mens uiteindelik in die hemel kom, dit wil sê die koninkryk van God in die hiernamaals ingaan.
- 1.2 Dit beteken letterlik *die pad van heil* – die weg waarlangs die gelowige sondaarmens tot sy uiteindelige verheerliking gelei word.
- 1.3 Dit word bondig beskryf in Romeine 8:28-30.

Die hoofmomente:

- Die wat God **uitverkies**,  
Sien ook o.a. Efesiërs 1:4; 3:11; 2 Timotius 1:9.
  - **roep** Hy,  
Sien ook o.a. Matteus 28:19; 22:14; Johannes 5:39-40; Handeling 13:46; Romeine 10:14-17, 11:29; 1 Korintiërs 1:9,23-24; 2 Tessalonisense 1:8; 1 Johannes 5:10; Spreuke 1:24.  
L.W. Nie almal wat geroep is, gee gehoor nie. Waarom nie? Die roepstem gaan nie slegs uit na uitverkorenes nie maar na almal. Slegs die gehoorsames, die uitverkorenes, kan onder die leiding van God se Heilige Gees die roep aanvaar. Die ongehoorsames, wat as gevolg van hul eie sondigheid dit nie aanvaar nie, staan veroordeel as gevolg van hulle eie moedswilligheid. God is nie die outeur van die sonde nie; Hy is dus nie vir hulle sondigheid aanspreeklik nie.
  - dan **glo** hulle,  
Sien ook o.a. Johannes 3:16,18,36; Handeling 10:43; Kolossense 1:23; 1 Korintiërs 2:5; 1 Timotius 1:13-14, 6:11; Hebreërs 10:38, 11:1 e.v.
  - en **bekeer** hulle,  
Dit gaan om hulle regverdigmaking, en word deur God self in werking gestel, wat in hulle die **wedergeboorte** bewerkstellig.  
Die wedergeboorte vind oombliklik plaas, en die mens self is miskien nie eers heeltemal daarvan bewus nie, hoewel sy lewe vanaf daardie moment anders ingestel is. Daar kan geen egte bekering sonder wedergeboorte vooraf wees nie, maar dit is feitlik onmoontlik om die begin van die bekering daarvan te onderskei.  
Sy bekering is sy reaksie op daardie ingryping van God en sy samewerking met die werk van die Heilige Gees in sy hart wat sy lewe algaande in 'n nuwe rigting stuur. Dit is 'n lewenslange proses.  
Sien ook o.a. Johannes 3:3,7; 6:44; Filippense 2:13; 1 Petrus 1:23; Handeling 11:18; 2 Timotius 2:25; Titus 3:5.
  - en dan maak **God** hulle **heilig**.  
Sien ook o.a. Johannes 15:4,5; Romeine 12:1,2; Kolossense 3:5-14; Romeine 6:4-6; 1 Korintiërs 6:20; Kolossense 3:1,2; 1 Tessalonisense 5:23.
- 1.4 Langs hierdie weg verkry die gelowige van God die krag om teen die sonde te stry. Volmaak word hy nie, maar telkens nadat hy gestruikel het – en ons struikel almal – word hy deur die Heilige Gees weer opgerig en versterk. So leer ons volharding teen die sonde, met die versekering dat ons sondes in Christus vergewe is.
  - 1.5 Die mens wat hierdie weg nie volg nie, kan die hemelse koninkryk nie binnegaan nie.

- 1.6 Ware bekering sluit in die afsterwe van die “ou mens”, nl. die sondige lewe, en om dan as ’n “nuwe mens”, iemand wat deur die krag van God gebreek het met die sonde, te lewe. Sien o.a. Galasiërs 5:16-25.
- 1.7 Geen mens kan ooit die sonde volkome in hierdie lewe afsterwe nie. **Al struikel die gelowige, volhard hy nie in die sonde nie.** Deur die soenverdienste van Christus en die krag van die Heilige Gees word hy nie aan die bose oorgegee nie. Sy lewe bly aan God toegewy, en hy gaan voort met die versekering van sy verlossing in Christus.
- 1.8 Dit beteken dat hulle van God die krag kry om teen die sonde te kan stry, met ander woorde volharding. Uiteindelik bereik die heiligmaking die hoogtepunt wanneer ons deur God heilig gemaak word om op die Nuwe Aarde te woon in die hiernamaals.
- 1.9 Natuurlik kan geen mens self die sonde afsterf nie, maar dis waarvoor Christus gesterf het, sodat ons in sy krag hierdie geweldige saak kan behartig.

## 2. Regverdiging

- 2.1 Ons moet gelowig ons lewe in Christus soek. Ons kan onself nie regverdig maak nie.
- 2.2 Wat beteken *regverdig*? *Regverdig* het eers beteken *om sonder skuld te wees*. Dit was ’n handelsterm. Hierdie betekenis het toe in die godsdiens betekenis gekry, naamlik om sonder skuld voor God te wees. Daarom beteken regverdiging: *ons word vry van skuld verklaar voor God*.
- 2.3 NB: Jesus regverdig nie volmaaktes nie. Hy regverdig sondaars en goddeloses – Romeine 4:5.
- 2.4 Ons word alleen deur ’n ware geloof in Jesus Christus regverdig voor God – HK, vr. 60. NB: Daar is geen verdienste in ons geloof nie. Die geloof is bloot die hand, die instrument, waarmee ons die geregtigheid van Jesus Christus vir onself toe-eien – NGB, art. 22.
- 2.5 Volgens Romeine 5:1 word ons nie deur die geloof self regverdig nie maar deur die inhoud van die geloof, naamlik Jesus Christus. In sy guns reken God ons geloof tot ons regverdigheid – Romeine 4:5.
- 2.6 Hierdie regverdigende geloof moet blyk uit die werke van die geloof, anders is dit dooie geloof – Jakobus 2:24.
- 2.7 Die Bybel praat wel van beloning van die werke. Hierdie beloning is egter nie uit verdienste nie maar uit genade alleen – HK, vr. 63.
- 2.8 Saligheid beteken nie net om ’n plek in die hemel te hê nie. Dit beteken: om gered en bewaar te word; om bevestig te word in die lewende lewensgemeenskap met die ewige God.
- 2.9 Ons sal almal dieselfde saligheid ontvang, maar daar sal verskil in heerlikheid wees. Almal sal egter tevrede wees, want vir elkeen sal die mate van saligheid wat hy ontvang, meer as voldoende wees.